LANDBOUWEEKBLAD
10 Aug 2012, p.14





# Vroue moenie op erfgeld staatmaak

Baie vroue in 'n huwelik is finansieel afhanklik van hul man. Wat gebeur as hy nie meer daar is nie? Hier is raad om na jouself om te sien.

Dit is nie net boere en die Springbokrugbybroers Jannie en Bismarck du Plessis wat *Landbouweekblad* lees nie. Baie vroue lees dit ook.

Ons kyk na een van dié vroue-lesers se vraag. Sy is in 'n tweede huwelik, vol liefde, maar sy raak bekommerd omdat dit lyk of haar man in sy testament alles aan sy dogters gaan bemaak. Sy vrees sy gaan op straat beland. Wat staan haar te doen? Kan sy 'n polis op manlief se lewe uitneem?

Die groot dilemma waarin vroue beland, is dat hulle finansieel afhanklik raak van hul mans. Mede-afhanklikheid van mekaar is een ding en dalk nie so erg nie, hoewel dit ook finansiële risiko's inhou.

Die afhanklikheid wat wel 'n groot probleem skep, is die tipe afhanklikheid wat 'n mens soos volg sou kon uitdruk: Sonder my man het ek niks.

Dis 'n ongewenste afhanklikheid. Dis die soort afhanklikheid wat jy moet vermy. Dit is ongelukkig ook so dat baie vroue nie aandag daaraan gee nie en hulself juis in so 'n situasie bevind.

Kom ons bring dit in verband met die leser se vraag. Ek glo sy het haar hart gevolg en nie verder gedink as net die liefde nie. Tot op 'n dag dat jy besef "tot die dood ons skei", het 'n wyer betekenis as net die liefdesbelofte voor die kansel. Hoe klink "tot die dood ons skei, sal ek vir jou sorg, maar dan moet jy na jouself omsien"?

Hier is 'n paar gedagtes rondom die punt.

Die huweliksbedeling waaronder julle getroud is, is belangrik. As dit binne gemeenskap van goed is, is daar 'n veiligheidsklep. Julle besit alles om die helfte (behalwe daardie bates wat onderworpe aan 'n uitsluitende klousule geërf is of wat julle vooraf self uitgesluit het). En met die helfte word nie bedoel jy kry die lappie grond daar bo teen die heuwel en ek die vrugbare deel nie. Julle het 'n halwe onverdeelde belang in alles.

Anders gestel, jy besit die helfte van die plaas, die helfte van die trekker, die helfte van sy jaggeweer en so meer sonder om te kan sê watter helfte. In sy testament kan hy dus net sy helfte bemaak.

As ons kyk na die leser se vrees, is die ergste wat ten opsigte van hierdie huweliksformaat sal kan gebeur, dat sy en die dogters ná manlief se afsterwe saam die tersaaklike bates kan besit. Ons hoop maar hulle kom goed oor die weg.

Sou jy op huweliksvoorwaardekontrak met die aanwas getroud wees, kan hy wel sy bates bemaak aan wie hy wil, maar eers nadat sy skuld vereffen is.

Die aanwaseis is 'n skuld teen die boedel en geniet voorrang bo enige bemaking. Dis ook 'n veiligheidsmeganisme, want jy sal geregtig wees op die helfte van die verskil in groei tussen die twee boedels, jou en jou man s'n. Geërfde bates is uitgesluit vir die doel van die aanwas.

## Hoe klink 'tot die dood ons skei, sal ek vir jou sorg, maar dan moet jy na jouself omsien'?

Waar die aanwas nie geld nie, is daar nie veel beskerming nie en kan die man sy bates bemaak soos hy wil en kan die vrou tegnies onterf word.

Die volgende punt om te verstaan, is die kwessie van testeervryheid.

Ons reg heg baie waarde daaraan dat elkeen van ons ons bates kan bemaak soos ons wil, solank as wat dit nie teenstrydig is met die openbare belang of onwettig is nie. Dit is dalk 'n gesprek vir 'n ander dag, maar in die algemeen beteken dit hy kan bemaak aan wie hy wil.

Sover klink dit nie goed vir vroue nie, né? Daar is darem nog 'n veiligheidsmeganisme. Die Wet op Onderhoud van Langslewende Gades (Wet 27 van 1990) bied aan vroue (eintlike albei gades) die geleentheid om 'n eis in te stel teen manlief se boedel. Kortliks kom dit daarop neer dat jy 'n eis teen die boedel het om voorsiening sodat jy dieselfde lewenstandaard sal kan handhaaf ná sy dood as wat jy vóór sy dood gehad het.

My raad sou nietemin wees om die bepalings van dié wet nie deel van jou finansiële beplanning te maak nie. Enersyds omdat dit slegs 'n reg op 'n eis verseker, nie die waarde wat jy kan eis nie. Andersyds omdat eise teengestaan kan word, en hofsake is duur.

Beplan liewer vir jou finansiële onafhanklikheid vóór die probleem ontstaan. In die leser se geval sou 'n lewenspolis op haar man se lewe ongetwyfeld die sekerste en goedkoopste manier wees en sou sy nie nou met hierdie bekommernis gesukkel het nie.

Lewensversekering behoort na my mening al vóór die troue uitgeneem te word. Die werklikheid is, dit is nie net die dood wat mense skei nie, hulle doen dit baie keer sommer self.

Ek sou sê 'n polis behoort deel van elke huwelikskontrak te wees, want al skei hulle later, is die polisopbrengs boonop uitgesluit vir boedelbelasting ook.

Maak seker dat jy die eienaar van die polis is. Só sal hy dit nie kan kanselleer of later aan iemand anders begunstig nie. Jy wil seker wees dat by sy dood die opbrengs regstreeks aan jou uitbetaal sal word.

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy wat by die Finansiële Diensteraad gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkverskaffer verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.*

**Navrae:** *Mnr. Nico van Gijsen, tel. 021 461 2067 of faks 086 677 6314.* ***E-pos: nico@finlac.com.*** LB